e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

2 Desember 2010
Jaargang 3 – Uitgawe 42

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Dieselfde gesindheid moet in julle wees...

Waarom sing ons so baie met Kersfees? Aangrypende gebeure spoor mense aan om te dig en te sing. Gedigte en liedere gee uitdrukking aan menslike ervaring wat nie met gewone taal verwoord kan word nie. Baie gedigte en liedere se oorsprong lê in mense se ervaring van liefde, hartseer, vreugde en verwondering. Sang en musiek dra emosie oor wat nie met woorde gesê kan word nie.

Jesus se geboorte het ook met sekere belewenisse en emosies gepaardgegaan. In die Evangelie van Lukas word die Kersgebeure omring met lofliedere. Die aankondiging van die geboortes van Johannes die Doper en Jesus vind plaas in die atmosfeer van die lofliedere van Sagaria en Maria. Uiteindelik mond hierdie lofliedere uit in die loflied van die engele. Die Kersgebeure is so aangrypend dat dit selfs die engele laat sing!

Die heel oudste Christelike lied wat ons het, wys vir ons Kersfees se volle betekenis. Dit is vir ons opgeteken in Filippense 2: 6-11. Hierdie lied, wat sommige mense selfs as 'n soort Kerslied beskryf, dateer uit ongeveer 50-60 nC, en dis al in die heel eerste Christelike gemeentes gesing. Die eerste gemeentes het nie Kersdag gevier nie, dit het eers 100 of 200 jaar later begin gebeur. Die vroeë Kerk het wel die Kersgebeure gevier en hierdie lied ook in die eredienste gebruik. Paulus haal 'n gedeelte van die lied aan in sy brief aan die Filippense. Dit was toe reeds 'n bekende lied. Die gemeente van Filippi was in die hartjie van die destydse Romeinse Ryk. In sy brief aan die gemeente roep Paulus hulle op om daar waar hulle was, met al die keiservererings, afgodsfeeste en onsedelikheid, anders te wees, 'n ander gesindheid te hê – selfs al sou dit beteken dat hulle vervolg word en dalk selfs doodgemaak kan word.

Die almagtige God het in 'n hulpelose babatjie na ons toe gekom. God het self van sy mag afstand gedoen. In die Griekse teks staan daar dat Hy *leeggemaak* is. Hy het sy mag neergelê. Dit het nie beteken dat Hy opgehou het om God te wees nie, maar Hy was as't ware bereid om sy goddelike kleed uit te trek en die klere van 'n slaaf aan te trek. Hy het Hom verneder en is soos 'n slawekind gebore, en so het mense Hom ook behandel. Hy is geminag en gespot en verwerp. God het onder ons geword soos 'n slaaf – die geringste onder mense.

Van die vroegste tyd af klink die kerk se loflied: Hy wat bereid was om Homself te verneder, sy Naam moet verhoog word. Hy moet geprys word. Reeds met die geboorte sing die engele tot eer van God, en met die intog in Jerusalem sing die kinders dieselfde lied. Op pad na die verskriklikste vernedering denkbaar word God geloof. Dis juis hierdie liefde van God, wat na vore kom in sy bereidheid om sy mag prys te gee en om verneder te word, wat maak dat God besing moet word. Daardie loflied word telkens net sterker en sterker as Jesus uit die dood opstaan, as Hy opvaar hemel toe en uiteindelik sy regmatige plek inneem in die gesagsposisie aan die regterhand van God die Vader.

Kersfees moet in elkeen van ons se lewens die effek hê dat dit ons lei tot 'n loflied en 'n geloofsbelydenis. Kersfees moet ons weer laat sê: Jesus Christus is die Here. Ek gee my hele lewe aan Hom wat bereid was om verneder te word. My knie gaan voor Hom buig. My tong gaan bely: Hy is die Here van my lewe.

Ds Hannes van der Merwe
Gemeente Pretoria-Oos

Die **eerste *e-Hervormer*** in 2011 sal op 20 Januarie verskyn. Die lesers wat met vakansie vertrek, word 'n aangename rustyd en 'n geseënde Kerstyd toegebid. Aan elkeen wat bydraes gelewer het die afgelope jaar, veral aan diegene wat voorbladartikels geskryf het, ons hartlike dank. Dank ook aan mev Tessa Oppermann, mej Izelle Marx en mev Francis Nel vir die weeklikse versorging van die blad.

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhk.co.za**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Barrie Oberholzer

Ds Stephan Botha

Beroep ontvang

- **Ds Barrie Oberholzer** van Messina/Van Warmelo na Zeerust
- **Ds Stephan Botha** van Klerksdorp-Oos Môrester (deelsorg) na Vryburg (volsorg)

Beroep aanvaar

- **Ds David Barnard** (Horison Roodepoort) na Magaliesmoot

Ds David Barnard

Beroep bedank

- **Ds Johann Mouton** (Ventersdorp) na die Stella-kombinasie
- **Ds Colin Hertzog** (Middelburg-Noord) na Vryburg

Vakante standplase

- **Gemeente Johannesburg** beskik oor 'n vakante **deeltydse standplaas**. Die gemeente is saamgestel uit ongeveer 140 belydende lidmate, waarvan die meerderheid in die ouderdomsgroep 35 tot 60 val. Die gemeente bied 'n unieke uitdaging aan 'n bedienaar van die Woord om in 'n tipiese stadsmileu die Woord te verkondig en die Koninkryk sigbaar te maak. Predikante wat daarin belangstel om die gemeente te bearbei, kan 'n CV stuur na **wheelercw@sabc.co.za** of per gewone pos na Posbus 96744, Brixton 2019 **voor 10 Desember 2010**. Kontak Stienie Wheeler (skriba) by 082 936 0376 of ds CJ van Wyk (konsulent) by 082 898 2345 vir meer inligting.

- **Gemeente Secunda** beskik oor 'n vakante **volsorgstandplaas**. Dit is 'n tweede standplaas; die ander volsorgstandplaas is tans gevul. Secunda is 'n groot plattelandse dorp wat rondom die SASOL-aanleg gesentreer is. Die gemeente bestaan uit 1 127 lidmate, waarvan 890 belydende lidmate is. 39% is jonger as 30 jaar; 26% 30 tot 50 jaar; 27% 50 tot 65 jaar; 7% ouer as 65. Die gemeente beleef tans sterk groei in die eerste twee groeperings. Die bedieningsplan fokus sterk op die bediening van kinders en jongmense. Voorkeur en vaardighede in hierdie bedieningsterrein sal tot voordeel van kandidate wees. Aansoeke moet die gemeente **voor 9 Januarie 2011** bereik. Predikante en proponente kan 'n CV aan die skriba stuur by **secunda@nhk.co.za**. Die kerkraad sal die kandidate van hul keuse nooi vir 'n preekgeleentheid en onderhoud, en behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Prof Ben Engelbrecht

Dr Piet van Staden

- **Prof Ben Engelbrecht** vier op Sondag 5 Desember sy 60ste ampsjubileum. Hy lei dan die erediens in die kerkgebou van Pretoria, sy tuisgemeente.

- **Dr Piet van Staden**, deeltydse predikant van Philadelphia, emeriteer op 5 Desember. Hy lei dan die oggenderediens in die gemeente.

- Emerituspredikant **ds Dirk Stoltz** sê dat **sy vrou, Tienie,** se operasie goed afgeloop het. Hulle wil graag almal bedank vir die gebede en boodskappe.

- **Ds Jan Kramer se skoonvader**, Hennie Volschenk, is op Woensdag 1 Desember in die ouderdom van 94 oorlede. Ons innige meegevoel gaan aan die familie.

- **Ds Theo en Annemarie Janse van Nieuwenhuizen** het op 24 November oupa en ouma van ’n babadogtertjie geword. Hul kinders, PG en Marinda Janse van Nieuwenhuizen, woon in Perth, Australië.

- **Die volgende predikante verjaar tot 21 Januarie 2011,** en word by voorbaat hartlik geluk gewens.

o Donderdag 2 Desember:	Ds Kalla Fourie (Krugersdorp-Noord)
o Vrydag 3 Desember:	Drr Sanrie de Beer (Philadelphia) en Willem Smith (Parys)
o Saterdag 4 Desember:	Ds Kobus Venter (Bothaville)
o Woensdag 8 Desember:	Prof Theuns Dreyer (UP) en ds Susan Oosthuizen (beroepafwagtend)
o Donderdag 9 Desember:	Ds Thomas Dreyer (emeritus)
o Saterdag 11 Desember:	Di Johan Bezuidenhout (Rustenburg Jac van Belkum), Daan Smit (beroepafwagtend) en dr Gerhard Nel (Hartebeeshoek)
o Sondag 12 Desember:	Di Martin Fouché (Goudveld) en Neels Janse van Rensburg (emeritus)
o Maandag 13 Desember:	Ds Johan du Preez (Van der Hoff)
o Woensdag 15 Desember:	Ds Gawie Wolmarans (Oostelike Pietersburg)
o Donderdag 16 Desember:	Di Johan du Toit (emeritus), Johann Marnewick (Johannesburg-Wes), Martin Meyer (Standerton) en Charlene van der Merwe (beroepafwagtend)
o Saterdag 18 Desember:	Ds Ogies du Plooy (emeritus)
o Sondag 19 Desember:	Ds Marius Venter (siekte-emeritaat)
o Maandag 20 Desember:	Ds Peet Swanepoel (Derdepoort)
o Woensdag 22 Desember:	Ds Jan van Staden (Bronkhorstspruit)
o Donderdag 23 Desember:	Ds Phillip Horn (Louis Trichardt)
o Dinsdag 28 Desember:	Di Eddie Eckard (Koster) en Corlien van der Merwe (Hartebeestpoort)
o Woensdag 29 Desember:	Ds Philip Prinsloo (emeritus) en dr Piet van Staden (Philadelphia tans)
o Sondag 2 Januarie:	Di Dirk du Toit (emeritus) en Anneke Viljoen (Pinetown)
o Dinsdag 4 Januarie:	Dr Kobus Labuschagne (UP)
o Woensdag 5 Januarie:	Dr Christo Pretorius (Pretoria)
o Donderdag 6 Januarie:	Ds Hennie Louw (Kampersrus)
o Sondag 9 Januarie:	Di Ivan Katzke (Bloemfontein) en Albert Minnaar (Barberton)
o Maandag 10 Januarie:	Ds Jan Kay (Vryheid/Utrecht)
o Woensdag 12 Januarie:	Di Annerie Conradie (Culembeeck), Dawie Jacobs (Lichtenburg-Oos) en Debrah Lotter (buiteland)
o Donderdag 13 Januarie:	Dr Frikkie Labuschagne (Sasolburg)
o Vrydag 14 Januarie:	Di Japie Coetzee (Kempton Park-Oos), Chris de Beer (siekte-emeritaat), Tony Simpson (emeritus) en prof Piet Geyser (emeritus)
o Saterdag 15 Januarie:	Di Werner Olivier (Zimbabwe), Chris Schoeman (Boksburg) en Arnold Viljoen (Tsumeb/Grootfontein)
o Sondag 16 Januarie:	Ds Hannes Viljoen (emeritus)
o Maandag 17 Januarie:	Di Willie Roos (emeritus) en CJ van Wyk (Randburg)

- Woensdag 19 Januarie: Ds Martin Slabbert (Philadelphia)
- Donderdag 20 Januarie: Ds Martyn Redelinghuys (emeritus)
- Vrydag 21 Januarie: Di Stephen de Beer (Noordwestelike Pretoria), Gerrie Senekal (Lichtenburg) en dr Johan Nel (Bloemfontein)

- **Ds Phillip Horn** van **Gemeente Louis Trichardt** skryf soos volg: *My moeder, Frikkie Horn, is onverwags oorlede op Vrydagoggend 10 September. Sy was lidmaat van Gemeente Empangeni. Sy was 'n aktiewe lidmaat met 'n besonderse liefde vir haar Heer en haar gemeente. So ook vir ds Jaco Dreyer en sy eggenote. Ek dank die Here dat ds Jaco en sy eggenote soveel bemoeienis met haar en my broer gemaak het. Die meelewing van Jaco drie jaar gelede met die afsterwe van my vader en nou weer met dié van my moeder was kosbaar. Ek dink veral aan al die besoeke aan my broer Willem en ook aan ons as predikantsgesin. Ons dank is ook groot teenoor Gemeente Empangeni wat my ouers en broer met ope arms ontvang en met soveel liefde oorlaai het. Julle was hul familie. Mag God julle seën met die oorvloed van sy liefde en genade.*

Ds Mariët Robbertze

- **Gemeente Middelburg-Noord** het besluit om sy deeltydse standplaas op te hef.

- **Gemeente Magaliesmoot**, wat vakant is sedert die emeritaataanvaarding van **ds Wimpie Steyn** vroeër vanjaar, het met groot dankbaarheid verneem dat **ds David Barnard** die beroep aanvaar het. Ds Barnard word vroeg in die nuwe jaar van sy standplaas losgemaak en in Februarie in sy nuwe gemeente ontvang. **Ds Mariët Robbertze** is die deeltydse predikant van Magaliesmoot en het saam met die konsulent, **ds Stephen de Beer**, die kerkraad ondersteun.

- Die sekretariële beampte, skriba vir registrasie en kassier van **Gemeente Nigel**, mev Elsie Pretorius, se besonderhede is soos volg: 011 814 7967 (h), 011 814 3155 (w) en 072 047 4115. Let asseblief op dat haar huistelefoonnommer in die 2011 *Almanak* (bladsy 27) foutief is.

- **Gemeente Brackenhurst** in Alberton begin op 30 Januarie 2011 met 'n veldtog wat oor 6 weke gaan strek, wat handel oor **egte spiritualiteit**, gebaseer op Romeine 12 soos geskryf deur Chip Ingram. Hulle gaan deur die 5 fasette van dissipelskap werk. Meer inligting kan van die gemeentelike kerkkantoor by 011 868 3625 of **nhkbrack@ananzi.co.za** bekom word.

- Die Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante **(VTT)** word op **7 en 8 Junie 2011** en **8 en 9 November 2011** aangebied by Gemeente Villieria, en die koste beloop R300 per persoon.

- **Gemeente Springs-Oos** beskik oor 'n **vakature vir 'n tweede orrelis**. Die pos is onmiddellik beskikbaar. 'n Volledige pligstaat en besonderhede oor die vergoeding sal tydens die onderhoud met kandidate bespreek word. Vergoeding is volgens skaal. Gekwalifiseerde orreliste kan hul CV en 'n gewaarmerkte afskrif van hul kwalifikasie as orrelis per e-pos aan die skriba, oudl Retha Laubscher, by **Laubschm@gmail.com** stuur.

- **Gemeente Rietvallei** beskik oor 'n **vakature vir 'n orrelis.** Persone met die nodige kundigheid en ervaring om die gemeente tydens Sondae-oggende se eredienste, informele jeugbyeenkomste op Sondae-aande en Christelike feesdae te begelei, kan navrae rig of 'n CV stuur na die gemeentekantoor: faks 012 345 3143 of e-pos **nhrietv@telkomsa.net**. Diensvoorwaardes is soos deur die Hervormde Kerk voorgeskryf. Diensaanvaarding teen Januarie 2011 of so gou moontlik.

- **Gemeente Messina** benodig 'n predikant om die diens op **Sondag 2 Januarie 2011** in die gemeente te lei. Indien daar 'n predikant is wat op dié datum op

Tshipise of Môreson vakansie hou en bereid is om te help, kan hulle ds Barrie Oberholzer by 015 534 2519 of 082 211 7926, of Annette Krijt by 015 534 2756 of 083 720 4127 kontak.

- Vakansiegangers word vriendelik genooi om die eredienste van **Gemeente Laer Suidkus** gedurende Desember by te woon, elke Sondag om 08:00 in die saal van Port Edward Primary School, Fifeweg, Port Edward, en om 09:30 in die kerkgebou te Scottstraat 3, Port Shepstone. Die Kersfees-erediens word gehou om 07:15 te Port Shepstone deur prop Maritza Botha en om 08:00 te Port Edward deur ds Adam Zwarts. Ds Jacques Pieterse kan gekontak word by die pastorie 039 682 1059, sel 082 458 4482, e-pos **jacquesjean@vodamail.co.za**.

- **Gemeente Saffierkus** in Amanzimtoti nooi alle besoekers om hul eredienste by te woon. Die dienste vind elke Sondag om 08:30 plaas in die Scoutsaal, Drakestraat 4, Amanzimtoti. Kontak ds Piet Steenkamp by 082 789 1398 of Celia Biggs by 082 410 5444 of 031 903 7970.

- **Kennisgewing aan alle NHSV-takke:** Die datum vir die **46ste Nasionale Kongres** is 6, 7 en 8 Oktober 2011. Die kongres vind plaas by Gemeente Wonderboom in Pretoria.

- In die voetspore van die eerste Christene: **Toer na Egipte en Turkye** van **20 April tot 4 Mei 2011** onder leiding van **ds Martin Slabbert**. Besoek die webwerf by **www.indievoetspore.co.za**, of kontak ds Slabbert by 082 655 4787.

- **Gemeente Wonderboompoort: Studenteblyplek vanaf 1 Januarie 2011**
  Enkelkamers R1 500 per maand
  Dubbelkamers vanaf R900 per persoon wat deel of R2 000 enkeling
  En suite badkamer en stoorkamer
  Ingesluit: Water en ligte, veilige parkering
  Op busroete
  Mansfieldlaan 610, Eloffsdal, Pretoria
  Kontak Johan Erickson by 082 212 2137 of Koos Nortje 084 460 7743

- **Gemeente Philadelphia: Studentebehuising op kerkterrein**
  Sowat 100 m vanaf UP se Lunnonweg-ingang
  Kommune van 10 inwoners wat 'n kombuis en twee badkamers deel
  R2 450 per maand vir groot kamers en R1 950 per maand vir kleiner kamers
  Verkieslik huurders wat studeer aan UP en by gemeente sal inskakel as lidmate
  Kontak Esme Bolton by 012 362 7237 op weeksdae tussen 08:30 en 13:30
  of Rue Hopley by 083 669 3060 (enige tyd)

- **Eerstejaarskampe 2011**
  - **Pretoria: Philadelphia: Saterdag 22 tot Donderdag 27 Januarie**
    R800 per persoon
    Kontak Pierre Brits by 079 942 2662, ds Martin Slabbert by 082 655 4787
    of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866
    Stuur 'n e-pos na **philadelphia@nhk.co.za** vir meer inligting

  - **Bloemfontein: Sondag 9 tot Donderdag 13 Januarie**
    R650 per persoon, inskrywings sluit op 8 Januarie
    Kontak ds Willem Dykema by 082 560 4772
    of Giselle Fourie (kampvoorsitter) by 082 649 6527

  - **Stellenbosch: Saterdag 15 (12:00) tot Dinsdag 18 Januarie (17:00)**
    R400 per persoon
    Kontak ds Chris le Roux by 082 905 0818 of **cleroux@nhk.co.za**

  - **Potchefstroom-Studente: Dinsdag 11 tot Vrydag 14 Januarie**
    R700 per persoon

Kontak ds Rudy Denton by 082 459 9710 of **rudy@nhk.co.za**,
Terzie Denton by 082 475 4618, of Jana Smit by 079 880 7466

Besluite van die 69ste AKV

- **Wysiging van Ordinansie 2.1.13.3(i): Erkenning van ontvangs van beroepsbriewe.** Die Ordinansie word gewysig om soos volg te lees: Nadat die beroepe proponent of predikant die beroepsbriewe elektronies of per pos ontvang het, word onmiddellik aan die beroepende kerkraad daarvan kennis gegee op die voorgeskrewe dokument, met vermelding van die ontvangsdatum.

- **Gemeentes buite die grense van die land in Afrika.** Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) ondersoek die moontlikheid om gemeentes in die Afrikalande in te deel in bestaande ringe in Suid-Afrika. Die bedoeling is dat die ringe help om verantwoordelikheid te aanvaar vir die bediening daar.

- **Studentebearbeiding.** Die vergadering spreek hom gunstig uit oor die bearbeiding van jong lidmate van die Kerk. Die finansiële versorging van standplase vir jonglidmaatbediening word gehandhaaf in studentegemeentes en uitgebou op proefkonsepte soos voorgelê deur ringskommissies. Predikante en gemeentes word versoek om studente vanuit hul gemeentes aan te moedig om sinvol by die onderskeie studentegemeentes van die Kerk in te skakel. Ouderlingevergaderings bekom jaarliks inligting van alle skoolverlaters wat uit gemeentes verhuis na tersiêre instellings. Die inligting (toekomstige adres en telefoonnommer) word na die onderskeie studentegemeentes gestuur.

- **Navraag oor die doopprosedure.** Die Raad vir Erediens het in Oktober 2009 ’n navraag ontvang oor die regte wyse waarop ’n baba ten doop gebring behoort te word. Die saak is na die Komitee vir Liturgiese Geskrifte verwys, wat soos volg geantwoord het: Daar is nie riglyne in die Bybel oor wie die baba moet vashou terwyl hy/sy gedoop word nie. Deur die eeue het verskillende persone babas vasgehou. Dit sluit ouers, grootouers en predikante in. Elkeen van hierdie gebruike kommunikeer sy eie boodskap. Wanneer die ouers die baba vashou, dra dit iets oor van die verantwoordelikheid wat hulle aanvaar ten opsigte van die doopbelofte. Wanneer die grootouers die baba vashou, dui dit op die groter verband waarin die genadeverbond funksioneer. Wanneer die predikant die baba vashou, kommunikeer dit onder andere dat die doop ’n handeling is waarin God sy genade betoon wat onafhanklik is van ander partye. Die gebruik wat die meeste voorkom in die Hervormde Kerk is dat die ouers die baba vashou, gewoonlik die ma. Die Komitee is van mening dat daar baie versigtig omgegaan moet word wanneer ’n ander gebruik gevolg word. Die predikant behoort eerstens met die ouers daaroor gesprek te voer. Dit sal ook goed wees indien hy/sy aan die gemeente verduidelik waarom iemand anders as die ouers die baba vashou. Dit kan bydra tot sinvolle kommunikasie oor die betekenis van die doop. Wanneer dit langs dié weg gedoen word, kan dit nuut kommunikeer oor die boodskap van die doop.

Kerssangbyeenkomste

- **Vrydag 3 Desember: Gemeente Premiermyn**
  Kerssang by kerslig
  Bring kers en kombers
  Wegneemetes vanaf 17:30, samesang begin 18:15
  Begeleiding met klavier en viool
  Navrae aan Sonika van der Schyf by 076 487 0147

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Oudtshoorn: Gholfdag Saterdag 4 Desember**
  Oudtshoorn-gholfbaan

R1 200 per 4-bal, R300 per persoon, borge welkom
Kontak ds Monja-Lize van Belkum by 082 786 5752

- **Gemeente Klerksdorp-Oos Môrester: Novac-fietswedren**
  Saterdag 22 Januarie 2011
  11de agtereenvolgende jaar
  70 km, 40 km, 10 km en *Kiddies-ren*
  Medaljes vir deelnemers, kontantpryse vir wenners en naaswenners, gelukstrekkings
  Navrae aan Veronica Blake by 082 775 1844

Basaars en markte

- **Nog tot Saterdag 4 Desember: Gemeente Bergsig Kersmark**
  Kontak Marie by 082 402 4170

- **Saterdag 4 Desember: Doulos Gemeenskapsprojek**
  Kersfunksie by Silwer Valke Rugbyklub
  Hv Pretoria- en Roestoffstraat, Silverton
  Hulp benodig vir maak van potjiekos vir 2 000 mense
  Borge ook welkom
  Kontak Hans Janse van Rensburg by 083 269 7082
  of Heleen Huyser by 082 443 8874 of **Heleen.Huyser@postoffice.co.za**

- **Woensdag 1 tot Dinsdag 7 Desember (behalwe Sondag)**
  Gemeente Premiermyn
  Cullinan Kreatiewe Kuns- en Kersmark
  Elke dag van 10:00 tot 18:00
  Gemeente Premiermyn se saal in Zonderwaterweg, Cullinan
  Kontak Alta by 082 682 1252 vir stalletjiebespreking

- **Donderdag 9 tot Saterdag 11 Desember: Gemeente Buffelspoort Kersmark**
  Op gemeenteterrein 1,2 km vanaf vakansieoord van ATKV Buffelspoort
  Kontak ds Neels Van Tonder by **nvtonder@vodamail.co.za**

- **Donderdag 16 tot Sondag 19 Desember: Gemeente Wesmoot Kersmark**
  Makro Wonderboom se parkeerterrein
  Staanplekke is 3 x 4 m, koste per dag R150, R500 vir vier dae
  Kontak ds Fanie Beukes by 073 167 1183

- **Saterdag 29 Januarie 2011: Gemeente Nelspruit Maroelafees**
  Vanaf 08:00 by Nelspruit Rugbyklub
  Toegang (sluit glas maroelasap in) R20 per volwassene/hoërskoolkind
  R10 per laerskoolkind, gratis vir voorskoolse kleuters
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455

ANDER NUUS

- Die Raad van Finansies het goedgekeur dat die **Sinodale Kerkkantoor op Vrydag 17 Desember mag sluit** vir die Desemberreses. Die Kantoor open weer amptelik op **Maandag 3 Januarie 2011**.

- SENTIK het onlangs betrokke geraak by **Solidariteit Helpende Hand** se projek om in die Kerstyd op ’n besondere manier uit te reik na minderbevoorregte mense. Alle mense het fisiese en geestelike behoeftes, en SENTIK het ’n besending van die vorige *Bybelse Dagboeke* geskenk wat Solidariteit Helpende Hand op hul beurt weer aan minderbevoorregte mense uitdeel. Op die meegaande foto oorhandig mev Susann van Zyl, bestuurder van SENTIK se boekwinkel, ’n kopie van die

Hervormde Kerk se ***Bybelse Dagboek* van 2010** aan Roelof Stols van Solidariteit Helpende Hand, terwyl dr Wouter van Wyk agter die trollie vol dagboeke staan en toekyk.

- Die **Kommissie van die AKV** hou op **4 en 5 Maart 2011** 'n werkwinkel. Beplanning sal by die geleentheid gedoen word oor die werk wat die Kommissie in die volgende drie jaar wil doen, en bepaalde doelwitte sal geïdentifiseer word. **Prof Theuns Dreyer en dr Daan van Wyk (sr)**, voormalige voorsitters van die Kommissie, word by die werkwinkel betrek.

- **Gemeentes en orreliste** wat met **Johannus Orrels** in verbinding wil tree, moet asseblief kennis neem dat die landlyn 011 783 4816 nie meer korrek is nie. Kontak hulle by 0861 864 864, 072 805 8866 of **info@johannusorgans.co.za**. Verander gerus die nommer op die binnevoorblad van die 2011 *Almanak.*

- **NG Welsyn Noordwes en Gauteng** beskik oor **vakatures vir maatskaplike werkers en verpleegkundiges** in hul welsynskantore, kinderhuise en tehuise vir bejaardes. Kontak 082 451 7684 of **info@ngwelsyn.co.za**.

- **Transoranje Skool vir Dowes: Nog tot 5 Desember Kersmark**
  Pretoria-skougronde, Saal L, ingang Kerkstraat
  Kontak mev Alta Koekemoer by **transoranje3@gmail.com**
  of 012 386 6072/3/4/5

- Die **volgende vergaderings** is reeds tot 20 Januarie gereël. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.
  - Vrydag 3 Desember: ADV Dagbestuur
  - Donderdag 13 Januarie: Redaksie van *Die Hervormer*; Bejaardesorg
  - Saterdag 15 Januarie: NHSV Dagbestuur
  - Maandag 17 Januarie: Redaksie van *Konteks*
  - Donderdag 20 Januarie: ADV Dagbestuur; Buitengewone Kommissievergadering
  - Vrydag 21 Januarie: Finkom van Die Ondersteuningsraad

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Gemeentes moet toesien dat die predikant doen waarvoor hy/sy opgelei is. Predikante is nie die bestuurders van die gemeente nie. Die predikant bedryf nie 'n besigheid nie en kan nie vir alles wat gebeur pa staan nie. Hierdie probleem van *domineekerke* kom al lank saam met ons; daarom kan die meeste kerkrade niks doen as die dominee dit nie eers goedgekeur het nie. Gemeentes moet toesien dat die stoflike gedeelte deur kundiges bestuur word sodat die predikant op die geestelike kan fokus. Ouderlinge en diakens is veronderstel om ampswerk te verrig ter ondersteuning van die predikant." *(Bydrae verkort)*

Danie le Roux, Vaalpark

"Ek wil graag vir julle almal baie dankie sê vir jul harde werk aan die *e-Hervormer* oor die afgelope jaar. Dit was 'n baie suksesvolle jaar waarin die span skitterend saamgewerk het, en waar die inhoud en voorkoms van die *e-Hervormer* deurgaans van 'n hoë standaard was. Die *e-Hervormer* is nou goed gevestig in die Kerk, en die uitdaging is nou om die publikasie met kreatiewe idees na die volgende vlak te neem. Ek het volle vertroue in elkeen van julle."

Dr Wouter van Wyk

ADVERTENSIES

STRANDHUIS TE HUUR
Buffelsbaai – seefront
Selfsorghuis – 3 minute van swemplek
Slaap 8
Beskikbaar 1 tot 21 Desember
Skakel 011 972 3600 of 083 230 0914

RIETFONTEIN-OORNAG (PRETORIA)
Selfsorgeenhede
- gerieflik, netjies, stil, selektief
- naby hospitale, hoofweë, sentrums
- mandjie-ontbyt op aanvraag
- bekostigbaar
- veilige parkering

Kontak Adaleen by 083 345 7717

GEE-JAAR: DIE GKSA SE *DIENSJAAR*
'n Jaar van jou lewe om opleiding te ontvang in teologie en multimedia
en dit op kampe toe te pas
Aangebied in Potchefstroom teen R32 000 (alles insluitend)
Gerig op naskoolse jeug wat goeie teologiese onderrig wil kry, voltyds vir 'n jaar diensbaar in die koninkryk wil wees, hulself wil toerus met vaardighede by die Kreatiwiteitskool, of net 'n jaar wil afvat na skool
Onderrig is gereformeerd en die werk op kampe vind plaas saam met Gereformeerde gemeentes, maar enigeen is welkom
Kontak 018 297 3986/7 of 072 225 8301
of **geejaar@kruispad.net** of **suzzanne.vz@gmail.com**
youtube & Facebook – "geejaar" as trefwoord

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting

AGTERBLAD

Die Lig in ons lewe

Die Januarie/Februarie 2011-uitgawe van *Konteks* word gedurende die eerste week van Januarie aan gemeentes gepos.

In sy redaksionele berig skryf dr Wian Kloppers dat die buiteblad-blomme ligkolle – soos sterre – in ons lewe voorstel. Epifanietyd beteken dat ons nadink oor die betekenis van Kersfees vir ons en hoe ons iets daarvan kan uitleef teenoor die wêreld rondom ons.

Blomme bring vreugde in mense se gemoed in donker en moeilike tye. Ons gee blomme aan mekaar om daarmee te troos en te inspireer. Waarom nie self blomme wees wat juis dít doen nie? Die glansende goue blomme aan die blomtak inspireer ons om ook só te blom en ons omgewing met 'n warm ligglans te versier.

Die harde werklikhede van ons lewe word egter realisties op die buiteblad oorgedra: Daar is ook 'n dooie blom aan die tak. Blomme lewe en gaan dood. Sterre kom en gaan. Hulle skyn soms helder en dan weer dowwer. Ons lewe is ook aan teleurstelling onderworpe. Daar is lig en duister. Vreugde en hartseer. Lewe en dood. Met Christus se geboorte begin ons ons reeds voorberei vir die lydenspad en die dood.

Wie in Christus lewe, sal ook saam met Hom sterwe. Wie egter in Hom sterwe, sal saam met Hom lewe! In die Epifanietyd is dít die fokus van die siklus van ons lewe wat voorop staan: die Lig en die Lewe.

Só word ons saam met die Adventster wat sy geboorte aankondig, boodskappers van dié Lig wat alle mense se lewens kan verlig. Al weet ons van die skadukolle van verwelking en dood wat onvermydelik deel van die lewensiklus is, weet ons dat, soos die voorblad dit treffend uitbeeld, ons almal steeds aan die tak wat ons dra, verbonde bly. Verwelkende blom, maar steeds bloeiende blom. In dood en in lewe aan Christus verbind!

*** Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 of **sentik@nhk.co.za** om vir 2011 in te teken en 10 uitgawes teen R130 te ontvang. Besoek **www.konteks.co.za** en lees wat in die nuutste beskikbare uitgawe verskyn.



Daar is ook 'n drukkersvriendelike weergawe (sonder foto's) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat vandeesweek 232 kilogrepe groot is. Vind die drukkersvriendelike weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur 'n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx